

BenguFarm™ GENETICS

ADVANCED LIVESTOCK
BREEDING SOFTWARE



Wat is BenguFarm GENETICS?

BenguFarm GENETICS (vroeër bekend as GenePro) is 'n professionele sagteware pakket wat telers in staat stel om die teling van hul kuddes te bestuur deur die **bepaling van die beste parings** om jou teeldoelwitte te bereik. Vir hierdie doel word teelwaardes verskaf deur SA Stamboek, die LNR of BreedPlan gebruik.

Die program is spesifiek ontwikkel om te voldoen aan die behoeftes van die Suid-Afrikaanse stoetteler, maar op so wyse dat dit voldoen aan die behoeftes van alle telers. BenguFarm GENETICS is **ontwikkel deur BenguelaSoft**. Dit is **een van die vyf modules van die BenguFarm bestuursagteware** pakket. Al hierdie modules is ontwikkel op dieselfde basis, wat beteken dat iemand wat reeds een module ken, baie maklik een van die ander modules sal bemeester. **Kundigheid** van verskeie instansies en persone in die bees bedryf het insette gelewer met die ontwikkeling van die program om te verseker dat dit aan alle boere en instansies se behoeftes voldoen.

BenguFarm GENETICS is ontwikkel as 'n aparte sagteware pakket wat as 'n addisionele, **opsionele module van die BenguFarm BEEF** vleisbeesbestuur sagteware funksioneer.

Waarom is 'n Telingsbestuur module nodig?

Teling bestaan basies uit drie stappe, naamlik:

1. Definiëer teeldoelwitte vir jou kudde

Die meeste telers het teeldoelwitte vir hul kuddes, alhoewel dit in baie gevalle maar vaag is en nie maklik kwantifiseerbaar nie.

BenguFarm GENETICS sal jou help om kwantifiseerbare teeldoelwitte saam te stel vir jou kudde vir ekonomies belangrike eienskappe, in ag genome die genetiese variasie en gemiddelde vlak in jou kudde en die betrokke ras.

2. Identifiseer die "beste" diere om jou teeldoelwitte te bereik

Prestasietoetsing en teelwaarde beramings stel telers in staat om die "beste" diere (diere met die gewenste eienskappe) in die kudde en ras te identifiseer vir die eienskappe wat ingesluit is in die kudde se teeldoelwitte.

BenguFarm GENETICS sal jou help om die "beste" bulle te identifiseer vir jou vroulike teeldiere.

3. Gebruik die "beste" diere optimaal in 'n teelprogram

Enige teler wat al probeer besluit het watter bul moet met watter koeie gepaar word, sal besef hoe moeilik dit is, selfs al neem jy net 'n paar eienskappe in ag.

Dit is presies hiervoor waar BenguFarm GENETICS jou van onskatbare hulp kan wees, aangesien dit primêr is waarvoor die sagteware ontwikkel is, naamlik om vinnig en akkuraat te bepaal watter bul moet met watter vroulike diere gepaar word om jou teeldoelwitte te bereik, in ag genome alle beskikbare inligting.

Hoe werk BenguFarm GENETICS?

Vir telers wat die BenguFarm BEEF vleisbeesbestuur sagteware gebruik, word BenguFarm GENETICS geïnstalleer as 'n addisionele, opsionele module van BenguFarm BEEF. Dit benut die BenguFarm BEEF databasis; insluitendeteelwaardes (EBVs) en verwantskappe (stambome) tussen diere wat beskikbaar is in die BenguFarm BEEF databasis.

Die vier basiese stappe wat gevolg word in BenguFarm GENETICS om die beste parings te bereken vir die vooraf-opgestelde teeldoelwitte van die kudde, is die volgende:

- **Sinkroniseer die BenguFarm GENETICS databasis met die BenguFarm BEEF databasis.**
- **Stel die Teeldoelwitte op:**
 - Selekteer watter eienskappe ingesluit moet word in die teeldoelwitte;
 - Stel die mikpunt (optimum), minimum en maksimum waardes vas vir elk van die eienskappe wat ingesluit is in die teeldoelwitte; en
 - Stel die relatiewe belangrikheid (bv. hoog of laag) vir elk van die eienskappe wat ingesluit is in die teeldoelwitte.
- **Doen Paringslopie:**
 - Kies die bulle en koeie/verse wat gepaar moet word;
 - Kies die maksimum aantal koeie/verse (parings) wat toegelaat word per bul en of die betrokke bul met verse en/of koeie gepaar kan word;
 - Kies watter parings nie oorweeg mag word nie, bv. waar die inteling van die nageslag te hoog gaan wees;
 - Bereken die optimale parings;
 - Kyk na die resultate – opsomming, detail, grafieke, ens.
 - Herhaal bogenoemde stappe, indien nodig, totdat die gewenste resultate verkry word.
- **Stuur die geselekteerde parings na die BenguFarm BEEF databasis.**

Kenmerke

- BenguFarm GENETICS is ten volle geïntegreer met BenguFarm BEEF
- MS Windows 7 en 8 versoenbaar
- Afrikaans en Engelse taalkeuse opsies
- Die enigste plaaslike telingsbestuur sagteware wat teelwaardes asook teelwaardes se akkuraatheid in ag kan neem in die berekening van die beste parings
- Maklike opgraderings direk vanaf internet
- Landswyge gebruikersondersteuning en opleiding via 'n span agente
- Gebruikersvriendelik met 'n logiese menu, volledige handleiding, maklike sinkronisering met die BenguFarm BEEF databasis en stuur van geselekteerde parings na die BenguFarm BEEF databasis
- Verslae kan gestoor word in verskeie formate
- Rugsteun en herstel funksies
- Voortdurende gebruikers-gedrewe ontwikkeling en opgradering
- Toekomstige opgraderings sal voorsiening maak dat ander tipe data, byvoorbeeld liniêre klassifikasie (punting), waar beskikbaar, ook gebruik kan word in die berekening van optimale parings.

Lisensie Fooi

Daar is geen lisensiefooi nie - jy betaal slegs die aankoopprys en dis al!

Meer Inligting

Vir meer inligting oor die program, besoek gerus ons webwerf www.bengufarm.co.za of skakel Mnr. Leslie Bergh by +27 82 801 2026 of epos leslie.bergh@vodamail.co.za.

---000---